# ENKELE ASPEKTE VAN DIE GESKIEDSKRYWING VAN ARNOLD J. TOYNBEE[1]

deur

DR. P. S. DREYER

WANNEER 'n mens 'n artikel van hierdie beperkte omvang skrywe oor 'n persoon met so 'n omvangryke *oeuvre* soos Toynbee, is dit onmoontlik om 'n oorsig oor sy werk te gee. Ons doel is hier dan ook alleen om enkele aspekte van die werk van Toynbee na vore te bring en op dié wyse Toynbee aan die leser bekend te stel. Ons gee om hierdie rede ook baie min kritiek of waardering, hoewel daar reeds 'n magdom literatuur *pro* en *contra* Toynbee verskyn het.

## *A. Inleiding*

### *1. Lewensskets:*

ARNOLD J. TOYNBEE is in 1889 in Londen uit 'n welbekende (ook in wetenskaplike kringe) familie gebore. Sy moeder, 'n besonder hoogontwikkelde dame met 'n goeie skoling in en 'n voorliefde vir geskiedenis, is die bepalende faktor om hom in die rigting van die geskiedenis te laat gaan.[2] Hy word opgelei in die „Public School" van Winchester en daarna aan die Universiteit van Oxford. Sy universiteitsopleiding is veral in die antieke geskiedenis, Latyn en Grieks, wat hom 'n skitterende kenner van die Helleense kultuur en letterkunde maak. Hy kry ook 'n opleiding in moderne tale en letterkunde, waarvan hy veral die Duitse letterkunde goed ken. Reeds in sy studentejare maak *Faust* van Goethe 'n besondere indruk op hom.

Om sy klassieke studie af te rond gaan hy in 1911/12 op 'n wandeltog deur Griekeland. Terwyl hy luister na politieke gesprekke in Griekse kafees, leer hy vir die eerste keer om deur sy eie nasionale grense — wat hy later minagtend parogiale gebondenheid sou noem — te breek en sake van 'n supra-nasionale standpunt te bekyk.

Tydens dieselfde wandeltog besoek hy Kreta. Daar sien hy 'n 18de eeuse Venesiaanse villa wat hom trek; by nadere ondersoek blyk dit dat die villa as skaapkraal gebruik word. Hy dink daaraan dat Venisië vier-en-'n-halwe eeu oor Kreta regeer het — langer as wat die Britse Ryk bestaan. Sou die Britse Ryk net so ondergaan? Hy het dan 'n byna mistiese visioen van die opkoms en ondergang van ryke.

Die Eerste Wêreldoorlog vind hom as lektor in Oxford, besig om Thukydides aan sy studente te verduidelik. Hy word lid van die Engelse „Intelligence Service". Reeds gedurende die oorlog begin hy te twyfel aan die toekoms

(1) Referaat gehou voor die Filosofiese Vereniging van die Universiteit van Pretoria op 28 Augustus 1957.

(2) ARNOLD J. TOYNBEE, *Civilization on Trial,* Oxford University Press, 1948, p. 3v.

van die Westerse beskawing en sien hy die oorlog in die lig van 'n burgeroorlog wat alleen verwoesting bring en ook die wenner nie sal baat nie.

In 1920, terwyl hy hom besig hou met die vraag na die opkoms en ondergang van beskawings, maak hy kennis met Oswald Spengler se *Untergang des Abendlandes*. „As I read those pages teeming with firefly flashes of historical insight, I wondered at first whether my whole inquiry had been disposed of by Spengler before even the questions, not to speak of the answers, had fully taken shape in my own mind".[3] Dit is 'n aanduiding van die invloed van Spengler op sy denke, hoewel sy verskille met Spengler heel gou vir hom duidelik geword het.

In 1919 is hy as professor in Byzantynse en Nieu-Griekse kultuur en taalkunde aan die Universiteit van Londen aangestel — die sg. Koraes-leerstoel, ingestel deur die Grieke om hulle nasionale aspirasies te bevorder. Hy kry die aanstelling omdat hy in geskrifte getoon het dat hy 'n besonder goeie kenner van dié gebied is en 'n groot liefde vir die Griekse kultuur het. Reeds in sy inaugurale rede toon hy grondgedagtes van die latere *Study of History* (dus voor hy Spengler leer ken het), maar gee hy ook aanstoot met sy minagting vir alle vorme van nasionalisme. Toe hy in 1921 as oorlogskorrespondent van die „Manchester Guardian" die Grieks-Turkse oorlog dek en ongunstige rapporte oor die Grieke skrywe, was sy gewildheid ook daarmee heen. In 1922 aanvaar hy dan die leierskap van die navorsingsafdeling van die „Royal Institute for International Affairs", 'n posisie wat hy nou nog beklee, hoewel hy sedert die Tweede Wêreldoorlog blykbaar meesal met Amerikaanse beurse op reis is.

2. *Werke:*

TOYNBEE se groot werk is die *Study of History* wat in tien volumes by die Oxford University Press verskyn het. Die eerste ses verskyn in 1934 — 1939, die laaste vier na die Tweede Wêreldoorlog (Vol. X in 1954). 'n Elfde volume van *Retractiones* is nog uitstaande. Voor die *Study* het reeds 26 artikels, brosjures en boeke van hom verskyn, behalwe verskeie publikasies van die „Royal Institute for International Affairs" wat waarskynlik ook maar sy werk is. Na die oorlog is behalwe die *Study* nog *Civilization on Trial* (1948) en *An Historian's Approach to Religion* (1956) — albei by Oxford University Press — die belangrikste. Dan moet ons ook nog noem *Can we know the Pattern of the Past?* (F. G. Kroonder, Bussum, 1948), 'n radio-twisgesprek tussen Toynbee en P. Geyl oor die *Study*.

Al Toynbee se boeke, maar veral die *Study* is merkwaardig. Dit toon 'n ensiklopediese geleerdheid wat selfs deur sy sterkste teenstanders nie genoeg bewonder kan word nie; dit is geskrywe in 'n vlot, aantreklike styl met beeldryke, raak vergelykings en 'n genotvolle humor. Die merkwaardigste is egter dat die 10 volumes van die *Study* in 1922 reeds klaar beplan is tot in sulke détails dat Vol. I in 1934 reeds klein onderafdelinkies van Vol. X van 1954 kan aanhaal.

(3) Civilization on Trial, p. 9.

Voor die Tweede Wêreldoorlog was die invloed van Toynbee nie groot nie; na die oorlog is hy miskien die mees gelese en die invloedrykste (in ieder geval in leke-kringe) historikus. Nog weinig historici se werke het so 'n geweldige polemiek soos syne beleef. Sy invloed dank hy waarskynlik aan die feit dat sy werke aangename leesstof is; verder aan D. C. Somervell se opsommings wat die werke van Toynbee meer oorsigtelik maak; maar waarskynlik die meeste aan die feit dat hy op die gees van die na-oorlogse tyd ry: hy hou hom besig met die probleme en vertolk die gevoelens van die na-oorlogse mens.

### B. *Die Voorwerp van Historiese Studie*

REEDS aan die begin van die *Study of History* (4) stel Toynbee die vraag: Wat is die „intelligible field of historical study"? Aan die hand van die geskiedenis van Engeland toon hy dat die geskiedenis van 'n enkele staat nooit as so 'n „intelligible field" kan geld nie, omdat die geskiedenis van elke staat in die geskiedenis van ander state ingeweef is. Hy besluit dat die enigste „intelligible field of historical study" dus die geskiedenis van beskawings is, d.w.s. die totaliteit waarin elke staat tuishoort; in die geval van Engeland dus die Westerse beskawing. „Beskawing" is hier 'n vorm van kultuur wat teenoor die primitiewe kulture staan. Van lg. kan etlike honderde onderskei word en wat buite die gesigsveld van die historikus val; hoogstens kan dit as 'n soort pre-historie geld.

In 'n oorsig oor die geskiedenis van die wêreld onderskei hy dan 21 beskawings, wat hy later uitbrei tot 26. Hiervan staan sommige, bv. die Aztec-beskawing, geïsoleer. Tussen die ander is daar verskillende vorms van kontak („affiliation"), waarvan „apparentation" die belangrikste is. Dit is gevalle waar die een beskawing as die moeder van 'n ander optree; so gaan die Westerse en Ortodoks-Christelike op die Helleense en lg. weer op die Minoïese beskawing terug. So onderskei hy beskawings van die eerste, tweede en derde geslag.

Naas hierdie beskawings onderskei hy nog drie „abortive civilizations" (ver westelik Christelike, ver oostelik Christelike en Skandinawiese) en vyf „arrested civilizations" (Polinesiërs, Eskimo's, Nomade, Spartane en 'Osmanlis). Eg. het as beskawing ontluik, maar is vernietig. Lg. het ontluik, maar moes op 'n te sterk uitdaging (hieroor later) antwoord, sodat hulle agteruitgegaan en verdwyn het. Hiernaas onderskei hy nog die verskynsel van fossiele, waarvan ons die mooiste en bekendste voorbeeld by die Jode aantref; dit is naamlik elemente van 'n beskawing wat origens ten onder gegaan het maar in bepaalde, onveranderlike vorme bly voortleef.

In ons tyd bestaan nog vyf beskawings: Die Westers-Christelike, die Ortodoks-Christelike, die Islamitiese, die Hindu (Indië) en die Verre Oosterse.

Wanneer Toynbee nou voortgaan om die geskiedenis te skrywe, laat hy die beskawings van die Amerikas weg omdat hulle geïsoleer is. Omdat die ander

(4) Vol. I, p. 16 vv.

se geskiedenis met mekaar in verband staan, werk dit nou prakties uit dat die geskiedenis van al hierdie beskawings geskrywe moet word. Sodra hy hiermee voortgaan, merk ons heel gou dat „geskiedenis skrywe" by hom iets heeltemal anders is as wat ons gewoond is. I.p.v. die verhaal van die lotgevalle van die verskillende beskawings te vertel, onderskei hy 'n bepaalde reëlmatigheid of wetmatigheid (hieroor later) in die lotgevalle van die beskawings. Omdat hierdie wetmatigheid by almal dieselfde is, beskou hy die beskawings as „philosophically contemporaneous", d.w.s. ten spyte van die feit dat sommige van die beskawings chronologies ver uit mekaar lê, kan hulle op grond van hulle eenderse wetmatige verloop met mekaar vergelyk word. Prakties bestaan sy metode dan daaruit dat hy die wetmatigheid onderskei en dit dan met voorbeelde uit die geskiedenis van verskillende lande wat aan die verskillende beskawings behoort, illustreer.

Die saak ontwikkel dus so dat die „intelligible unit of historical study" beskawings is, maar dat die werklike voorwerp van historiese studie vir Toynbee 'n vergelyking tussen die verskillende beskawings is. Hierdie feit is in so 'n mate bepalend vir Toynbee se werk, dat W. H. Walsh (5) meen dat Toynbee geensins met geskiedskrywing besig is nie, maar met 'n geheel nuwe dissipline, nl. die „comparative study of civilizations", wat eerder ooreenkom met die vergelykende studie van primitiewe kulture wat ons in die volkekunde en die vergelykende studie van godsdienste wat ons in die teologie vind. Toynbee vervang dus nie die gewone vorm van geskiedskrywing nie, maar is daarvan afhanklik — Toynbee self, egter, meen dat hy met egte geskiedskrywing besig is.

Wat hierbo gesê is, geld die eerste ses volumes. In die laaste vier merk ons 'n groot verandering.

Reeds in die eerste ses is bepaalde godsdienstige beskouings basies vir die standpunt van Toynbee. So is die fundamentele oorsaak vir oorloë, die ondergang van beskawings en so meer die feit van die „self-centredness" (wat dieselfde is as „Original Sin") van die mens en wat die mens selde kan oorwin. By die wetmatigheid hoort dat die interne proletariaat van elke universele staat (later hieroor) 'n universele kerk (vir Toynbee is elkeen van die groot wêreldgodsdienste 'n „universal church") voortbring. Wanneer die beskawing ten onder gaan, dien die kerk as 'n „chrysalis" wat die essensiële elemente van die beskawing bewaar. Later kom die nuwe beskawing dan uit die kerk (hoofsaaklik) soos die vlinder uit die papie te voorskyn. Daarmee is die rol van die kerk dan ook wesenlik uitgespeel en logies moet hy verdwyn.

In die laaste vier volumes is sy sienswyse die omgekeerde. Die oorlog het hom 'n dieper insae in die betekenis van godsdiens gegee en verder sit hy met die empiriese feit dat die universele kerke nie verdwyn nie. Hy sien dan nou die beskawings as niks anders as die „wheels of the chariot of religion". Waar die bestaan van godsdiens vroeër sin uit die beskawing se geskiedenis gekry het, kry die beskawing se geskiedenis nou sin en waarde

(5) *Introduction to Philosophy of History,* London 1951, p. 165 vv.

uit die godsdiens (universele kerk). Al formuleer Toynbee dit nie letterlik so nie, word die werklike „intelligible unit of historical study" nou die universele kerk en die werklike voorwerp van historiese studie die vergelyking van universele kerke.

### C. *Wetmatigheid in die Geskiedenis*

1. *Die groei van Beskawings:*

VAN die oorspronklike 21 beskawings wat Toynbee onderskei, is 15 geaffilieer met ander, terwyl ses uit die primitiewe toestand ontstaan het. Om hierdie ontstaan te verklaar, onderskei Toynbee sy wet van „Challenge-and-Response", die basiese wet wat die hele lewe van beskawings en volke kenmerk.

Die „mythological clue" tot hierdie wet vind Toynbee in talle uiteenlopende geskrifte en in die mitologie van talle volke. Die belangrikste is (i) *Yin* en *Yang* in die Sjinese mitologie; (ii) in die Bybelboek Job: die proloog in die hemel; (iii) die proloog in die hemel in *Faust*; (iv) in die natuurwetenskap, waar hy veral genl. J. C. Smuts se *Holism and Evolution* aanhaal. In hierdie verband werk Toynbee veral met die begrip „equilibrium"; wanneer 'n toestand van ekwilibrium bereik is, het ons 'n statiese toestand waar niks gebeur nie: gebeurtenisse vind eers plaas wanneer die ekwilibrium versteur is.

Die *Yin*-toestand is 'n toestand van ekwilibrium waarin die primitiewe gemeenskap 'n balans met sy omgewing gevind het. Dit is 'n statiese toestand; daarom is daar relatief geen verandering of ontwikkeling in die primitiewe kultuur nie. Skepping, verandering, vooruitgang, die ontwikkeling van beskawing is eers moontlik wanneer die *Yang*-toestand intree, d.w.s. wanneer die ekwilibrium versteur, die balans verbreek is. Dit gebeur deur die te voorskyn tree van een of ander „Challenge" — verandering van die natuurlike omgewing, aanvalle van buite of oorheersing deur vreemdes wat die ou toestand vernietig, en dergelike meer. Op die „Challenge" *kan* 'n „Response" volg, maar hoef nie. As die primitiewe gemeenskap geen antwoord op die uitdaging kan vind nie, verdwyn hy. Dit gebeur ook wanneer die uitdaging te geweldig is, sodat dit bo menslike vermoëns is. Indien die uitdaging nie te drasties is nie en die gemeenskap vind 'n antwoord, ontwikkel beskawing.

Terloops: Toynbee verwerp ras en omgewing as verklaring vir die ontstaan van beskawing. Die antwoord op die uitdaging word ook nie deur die gemeenskap as geheel gevind nie, maar deur die skeppende individue of minderhede in die gemeenskap. Waarom die een gemeenskap so 'n skeppende minderheid het en die ander nie, verklaar hy nie.

In die hele opset van Uitdaging-en-Antwoord is dit duidelik dat die vryheidsbegrip 'n basiese rol speel. Of die antwoord gevind word, hang af van die vrye beslissing tot inspanning van die gemeenskap, maar veral van die skeppende minderheid. Daarom is daar nie sprake van oorsaaklikheid in die natuurwetenskaplike sin van die woord nie (gegewe die oorsaak *moet* die

werking intree) — 'n begripsapparaat wat in die geskiedskrywing dikwels aangewend word. Die begrip van Uitdaging-en-Antwoord verskil ook wesenlik van Hegel se dialektiese gang van die geskiedenis: Uiterlik is daar groot ooreenkoms, nl. op die uitdaging word 'n antwoord gevind, maar dit skep self weer 'n toestand wat 'n nuwe uitdaging is waarop 'n nuwe antwoord gevind moet word, nou egter op 'n hoër vlak. Die fundamentele verskil met Hegel is dat in Hegel se dialektiese gang 'n blinde, noodwendige element lê, terwyl die Uitdaging-en-Antwoord by Toynbee hoegenaamd nie 'n noodwendige gang is nie en steeds op die vrye beslissing van die mens berus. Daarom, so terloops, is voorspelling in die geskiedenis ook nie moontlik nie. — M.i. het Toynbee met sy Uitdaging-en-Antwoord 'n baie bruikbare begrip vir al die geesteswetenskappe geformuleer. Dit kan baie help om die geesteswetenskappe los te maak van die oorsaaklikheidsbegrip, wat nog een van die sterkste bande met die natuurwetenskaplike denkwyse is.

Die maatstaf vir die groei van beskawings vind Toynbee nie in die heerskappy oor ander volke of die natuur nie, d.w.s. nie in die opbou van 'n ryk of van wetenskap nie, maar in die mate waarin 'n gemeenskap ontwikkel in die rigting van steeds meer bewuste en steeds verder gaande „self-determination". Hierdie selfbepaling is 'n proses van „etherialization", d.w.s. die oorwinning van die geestelike oor die materiële. — Hier sien ons ook weer die onderliggende rol van die vryheidsgedagte: Selfbepaling is wesenlik vryheid en die „etherialization" toon dat Toynbee hierdie vryheid nie soseer in uiterlike vryhede vind nie, maar in die innerlike geestelike ontwikkeling en houding van die mens. Ook hier sien ons 'n groot ooreenkoms met Hegel, hoewel Toynbee nêrens na hom verwys nie.

In die groei van beskawings kan Toynbee baie min wetmatigheid ontdek. Die groei berus wesenlik op die aktiwiteit van die skeppende minderheid in die gemeenskap. 'n Gemeenskap is nie bloot 'n aggregaat van individue nie, maar ook nie net 'n organisme waar die individu nie tel nie. 'n Gemeenskap is 'n „system of relations between individuals". Die „field of action" is die gemeenskap, maar die „source of action" is die individu. Feitlik die enigste wet wat Toynbee in die verhouding tussen skeppende minderheid en gemeenskap kan ontdek, is die wet van „Withdrawal-and-Return", d.w.s. die wet dat individue of minderhede hulle van die gemeenskap terugtrek om self gevorm te word en weer terugkeer in die gemeenskap om dan skeppend en veranderend in te werk.

Die afwesigheid van wette in die groei van beskawings is verstaanbaar. In die groeityd vind die gemeenskap deur sy skeppende minderheid steeds 'n antwoord op elke uitdaging. Omdat die mens vry is in sy antwoord, is die moontlikhede feitlik onbegrens en kry ons 'n byna onbegrensde differensiasie in beskawings.

*2. Die ineenstorting van beskawings:*

ANDERS is dit met die „Breakdown of Civilizations", wat gevolg word deur „disintegration", hoewel die Verre Oosterse en die Egiptiese beskawings 'n ander moontlikheid toon, naamlik dat op „breakdown" nie „disintegration" volg nie, maar „petrification".

Die wesenlike grond vir die ineenstorting van beskawings is die „failure of self-determination" (wat uiteindelik weer op „Original Sin" teruggevoer kan word). Toynbee verwerp al die deterministiese teorieë vir die ineenstorting van beskawings (bv. Spengler se organisme-teorie, die teorie van 'n noodwendige sikliese gang, ens.) en vind die grond van die ineenstorting in die verlies van die vermoë om skeppend en vry te antwoord op uitdagings. Die „failure of self-determination" tree op verskillende maniere te voorskyn:

(i) Die skeppende minderheid het hulle skeppende vermoë verloor en rus nou op hulle louere, passief in 'n vergoddeliking van wat in die verlede reeds bereik is, aktief in 'n aggressiewe handhawing van wat in die verlede bereik is (militarisme). Wanneer 'n antwoord op 'n uitdaging gevind word, is die krag nie daar om nuwe „institutions" te skep sodat 'n nuwe gestalte aan die gemeenskap gegee word nie, maar ou instellinge, ontwerp vir 'n ander doel, word as kanale gebruik („New Wine in Old Bottles").

(ii) Wat die massa van die gemeenskap betref, is daar nie meer deelname in die aktiwiteit van die skeppende minderheid nie. Die massa boots die skeppende minderheid alleen maar nog na („mimesis"). Hiervandaan is dit maar 'n klein stappie vir die skeppende minderheid om hulle geduld te verloor en die „Pied Piper's pipe" te verruil vir die „whip of compulsion". Dan het die skeppende minderheid 'n bloot heersende minderheid en die navolgende massa 'n vervreemde proletariaat geword.

Op „Breakdown" het in die twee genoemde gevalle „petrification" gevolg. In die ander geval volg desintegrasie en dit verloop in 'n vaste, wetmatige baan, omdat 'n skeppende antwoord nie meer gevind kan word nie, of, anders gestel, selfbepaling, d.w.s. vryheid, nie meer geskied nie. Die verlies aan vryheid is dus nie die gevolg van die wetmatigheid van die ondergang nie, maar omgekeerd is die wetmatigheid van die ondergang die gevolg van die verlies van vryheid.

Die hoofkenmerke van 'n desintegrerende beskawing kan ons so aanstip:

(i) Die skeppende minderheid van die groeifase word 'n heersende minderheid in die fase van desintegrasie.

(ii) 'n Interne en 'n eksterne proletariaat word gevorm. 'n Proletariaat is 'n massa mense wat in 'n gemeenskap is maar nie 'n deel daaraan het nie. 'n Interne proletariaat is die proletariaat binne die grense van die beskawing. 'n Eksterne proletariaat ontstaan omdat 'n beskawing in sy groeifase invloed tot ver oor sy grense uitoefen; wanneer die ineenstorting plaasgevind het,

kom die bewondering van die ander tot 'n einde en word hulle vyandig. Die tipiese voorbeeld neem Toynbee (soos gewoonlik) uit die Helleense geskiedenis, in die onderhawige geval die barbare op die grens van die Romeinse Ryk. Die tipiese produk van die heersende minderheid is 'n filosofie wat die inspirasie tot die stigting van 'n „universal state" kan wees. Die tipiese produk van die interne proletariaat is 'n „universal church", wat gewoonlik van buite die grense van die beskawing deur 'n ander beskawing geïnspireer word. Die tipiese produk van die eksterne proletariaat is die helde-epos.

(iii) Na die ineenstorting van 'n beskawing volg 'n „time of troubles". Die antwoord op hierdie uitdaging is die stigting van 'n „universal state", m.a.w. 'n ryk. Hoewel die ryk stabiliteit en vrede bring en daarom so hoog waardeer word dat dit dikwels vergoddelik word, behoort die ryk tot die vervalfase van die beskawing.

(iv) Vanaf die ineenstorting tot die finale ondergang van 'n beskawing onderskei Toynbee 'n vaste ritme van „Rout and Rally" wat driemaal herhaal word en gevolg word deur die finale „Rout".

Saam met hierdie uitwendige ritme van die desintegrasie onderskei Toynbee 'n hele aantal tipiese geesteshoudings. Die belangrikste hiervan is die gevoel dat die wêreld deur 'n noodlot regeer word; sondebesef; promiskuïteit wat kom in die plek van 'n sin vir styl wat ons in die groeifase vind; 'n eenheidsgevoel wat die stigting van die ryk en die universele kerk ten goede kom; archaïsme of 'n verlange na die goeie ou tyd; futurisme of die verlange na 'n wonderlike toekomstige tydperk.

Net soos in die groeifase, het ons nou ook tipiese verhoudings tussen individu en gemeenskap. Die belangrikste tipes is die „Saviour with the Sword", die stigters van die universele state, en die „God incarnate in Man", die verskillende messiasgestaltes waarvan Jesus van Nasareth die volmaakte is.

Wanneer die beskawing uiteindelik finaal ten onder gaan, is die universele kerk klaar gevorm as die papie waaruit die nuwe beskawing gebore kan word („Palingenesia").

### 3. *Teoretiese bespreking:*

IN Vol. IX behandel hy die probleem van wetmatigheid in die geskiedenis teoreties. Hy omskryf *wet* as 'n „set of rules" wat menslike aktiwiteit beheer en deur die mens nie verander kan word nie. In metafisiese verband kan die wet gesien word as Gods wet of as natuurwet. Watter een van die twee na vore gebring word, hang af van die psigologiese instelling van die mens teenoor die menslike wetgewer: Staan die wetgewer voorop, sal daar van Gods wet gepraat word; staan die wet voorop, sal van natuurwet gepraat word. In die laaste instansie is die twee vir Toynbee een en die punt van versoening is die konstantheid wat in albei te onderskei is.

Hy beskuldig die moderne historici van antinomianisme. Die gedagte van Gods wet in die geskiedenis het hulle lankal verwerp, want sedert die „break-

down" van die Westers-Christelike beskawing in die 17de eeu is dit die beskouing dat God nie in wetenskaplike werk tuishoort nie; buitendien het die ou historici (hy behandel Bossuet as voorbeeld) die gedagte van Gods wet in die geskiedenis op so 'n wyse aangebied dat dit werklik onaanneemlik is.

Maar die gedagte van natuurwet het hulle ook verwerp. Alle sake kan benader word met die bedoeling om wette te onderskei, waardeur die terrein beter geken en beheers kan word; maar sodra ons op die terrein van menslike aktiwiteit kom, is daar geen wette nie en heers chaos. Volgens die moderne historici is die geskiedenis niks anders nie as ODTAA („One Damned Thing After Another"). M.a.w. hy beskuldig die historici dat hulle skuilgaan agter 'n bepaalde beskouing van die geskiedskrywing en daardeur net hulle eie magteloosheid en tekortkominge probeer bedek.

Positief toon hy dan bepaalde terreine van menslike aktiwiteit waar daar tog geslaag is om bepaalde wette te onderskei. Die vernaamste is:

(i) Alle vorme van assuransie word bereken op grond daarvan dat daar 'n wetmatigheid in die doen en late van mense is, bv. dat net 'n sekere aantal selfmoord of diefstal sal pleeg.

(ii) Op ekonomiese gebied is bepaalde wette van tye van voorspoed en insinking vasgestel.

(iii) In die mededinging van die parochiale magte sien ons 'n „War and Peace Cycle" wat 'n „general war" elke 100 jaar oplewer (teen Spanje 1588; teen Frankryk onder Lodewyk XIV 1704; teen Napoleon 1815; Wêreldoorlog van 1914 — 1945). Ekonomiese en ander oorsake speel 'n geweldige rol in hierdie oorloë, maar dieselfde is waar van die „supplementary wars" wat tussen die „general wars" plaasvind; tog sal hierdie oorsake in die een geval alleen lokale en in die ander geval 'n algemene oorlog veroorsaak. Hierdie verskynsel kan uit die gewone oorsake wat gewoonlik genoem word, nie genoegsaam verklaar word nie.

(iv) Met 'n selfversekerdheid wat veral op Geyl geweldig irriterend werk, noem hy ook sy eie vasstelling van wette in die geskiedenis.

As verklaring van hierdie wetmatigheid verwerp hy al die deterministiese teorieë wat sover aangebied is. Hyself bied tentatief 'n teorie aan wat op die psigologie van C. G. Jung ('n figuur wat geweldig indruk op Toynbee gemaak het) gebou is: Jung onderskei naas die individuele ook nog 'n „racial subconsciousness". Toynbee meen dat verdere navorsing hier miskien 'n oplossing sal aantoon.

Ten spyte van die wetmatigheid staan die vryheid van die mens nog steeds vas. Die vasstelling van natuurwette het die mens nie verslaaf nie, maar hom juis in staat gestel om die natuur te beheers. So is die vasstelling van die historiese wette in 'n sekere sin eers die werklike vrywording van die mens, omdat hy juis daardeur *nie* aan die mag van 'n noodlot uitgelewer is nie maar in staat is om sy toekoms te beheer.

*4. Empiriese werkwyse:*

TOYNBEE se vasstelling van wette in die geskiedenis het wyduiteenlopende reaksies uitgelok. 'n Hele aantal historici steun hom of staan simpatiek teenoor hom, bv. Jan Romein.[6] Ander beveg hom heftig. Die punt waarop hy die skerpste aangeval word, is die feit dat hy oor en oor herhaal dat hy hierdie wetmatigheid langs streng empiriese weg vasstel; die geskiedenis self toon hierdie wette.

Sy grootste kritikus is seker die Utrechtse historikus Pieter Geyl.[7] Ons stip Geyl se hoofargumente aan:

(i) Toynbee gaan nie empiries te werk nie; hy het 'n vooropgestelde skema en gebruik die geskiedenis net as materiaal om sy skema te illustreer. — Ons moet instem dat Toynbee inderdaad sy stof aanbied asof dit pas in 'n vooropgestelde skema. Maar is dit nie maar 'n blote werkwyse om sy geweldige terrein te dek nie? As die feite by 'n empiriese ondersoek van enige terrein 'n bepaalde orde toon, wat verbied my om die orde as 'n skema vir die aanbied van die feite te gebruik? Wat egter waar is, is dat die skema vir Toynbee hoofsaak is.

(ii) Die feite wat hy as illustrasie gebruik, doen hy meesal geweld aan deur óf alleen die feite te kies wat hom pas, óf deur die feite so te interpreteer dat dit sy skema pas. Op hierdie gebied word Geyl so heftig dat hy Toynbee uitskel vir 'n kwaksalwer, dilletante en opsetlike bedrieër. — Ons stem saam dat Toynbee 'n irriterende manier het om te skrywe asof sy siening die enigste korrekte is; maar aan die ander kant trek hy 'n bepaalde siening net so selfversekerd terug en vervang dit met 'n ander as hy reken dat die feite hom daartoe dwing. Hy maak ook die indruk asof hy in sy studie sekere gegewens versamel het en dan daarmee volstaan het. So toon sy verwysings na Suid-Afrikaanse toestande dat hy alles behalwe op hoogte van sake is; en sy sienswyse van die Hellenistiese agtergrond van die Christendom is heeltemal windskeef in die wyse waarop hy die Joodse agtergrond heeltemal misken. Ons het egter hier te doen met die details van die geskiedenis wat ek aan die historici moet oorlaat. In die reedsgenoemde *Can we Know the Pattern of the Past?* kry 'n mens egter die indruk dat, al sou Toynbee se sienswyses eensydig wees, dit tog op pote staan. En van onopregtheid of bedrog kan 'n mens hom beslis nie beskuldig nie.

(iii) Die wette wat Toynbee opstel, is òf niksseggend, soos die wet van „Challenge-and-Response", òf dit is nie algemeen geldig soos 'n wet behoort te wees nie; Geyl behandel hier veral die wet van „Withdrawal-and-Return". — Ek het reeds hierbo genoem dat ek die begrip van uitdaging-en-antwoord

(6) B.v. JAN ROMEIN, *Tussen Vrees en Vryheid,* N.V. E. M. Querido's Uitgeversmaatschappij, Amsterdam 1950, p. 62 vv.

(7) Prof. dr. P. GEYL, *Tochten en Toernooien,* N.V. A. Oosthoek's Uitgeversmaatschappij, Utrecht 1950, p. 93 vv.; PIETER GEYL, *Debates with Historians,* J. B. Wolters, Groningen, ens. 1955.

bruikbaar vind. Wat die „Withdrawal-and-Return" betref, noem Geyl talle voorbeelde om te toon dat dit nie geld nie. Hierdie wet val egter in die tyd van die opbloei van beskawings waar wette moeilik aantoonbaar is.

(iv) Toynbee gebruik beskawings as „intelligible unit of historical study" maar gebruik steeds voorbeelde uit die geskiedenis van individuele volke. — Dit is volkome waar. Maar op sistematiese gronde kan ek vra: Is 'n ander werkwyse moontlik? As ek 'n bepaalde geheel empiries ondersoek, kan ek anders as om my getuienis uit die verskillende dele in te win?

(v) So 'n taak is te uitgebreid; die geskiedenis is te groot dat een mens dit kan dek. — Dit is soos die Hotnot gesê het toe hy die eerste keer 'n motorkar gesien het: „Daarie kar, ek glô hom nie!"

(vi) Elke gebeurtenis is so individueel en so in 'n bepaalde situasie ingeweef dat 'n mens in die geskiedenis nie kan generaliseer nie. — Wanneer 'n mens op bepaalde gebeurtenisse konsentreer, is dit ongetwyfeld waar. Maar wanneer jy na die geheel van die geskiedenis kyk, kan jy miskien 'n ander beeld kry. Net so is dit onmoontlik om by die gooi van twee dobbelstene te sê of dit twee sesse gaan wees; maar wanneer 'n mens 'n geweldige groot aantal gooie doen, is dit moontlik om te bereken hoeveel keer jy die kombinasie van twee sesse sal kry.

*

TEN SLOTTE: Hierbo het ek miskien die indruk gegee van te veel Toynbee se kant te kies; die bedoeling was egter nie om 'n kritiek te skrywe nie, maar Toynbee so getrou moontlik bekend te stel.

Hoe 'n mens se oordeel ook al mag wees, die feit bly staan dat Toynbee 'n invloedryke skrywer is en dat hy in die toekoms ook nog baie invloed sal uitoefen.

K. D. Erdmann [8] verwys na Ernst Troeltsch se stelling dat die historisme alleen vanuit die geskiedenis self oorwin kan word. Toynbee is vir hom die eerste ernstige poging vanuit die geskiedenis om die historisme te oorwin; hoe 'n mens dan ook al oor hom mag oordeel, jy moet met hom erns maak.

Geyl, in sy *Debates with Historians,* maak die stelling dat Toynbee nie 'n historikus is nie, maar 'n profeet. Miskien is dit die korrekte karakterisering. Van die begin af, maar veral vanaf die *Study of History,* word Toynbee se geskiedskrywing gedra deur 'n bepaalde, vooropgesette godsdienstige beskouing. Die werklike grondige kritiek van Toynbee sal nie 'n kritiek van sy gebrekkige feitemateriaal of sy verkeerde interpretasies of sy skema wees nie, maar 'n kritiek van sy teologie.

(8) KARL DIETRICH ERDMANN, *Toynbee — eine Zwischenbilanz,* „Archiv für Kulturgeschichte", Band XXXIII, Heft 2, 1951.